

Datura

Inderdaad is hierdie spesies een van die ongewildste plante by boere (behalwe doringbosse). Met goeie rede: DIT IS BAIE GIFTIG. Alle plantdele is giftig.

Dit is 'n indringerplant uit Amerika en Asië (verskillende spesies vanaf verskillende kontinente), moontlik ingekom saam met perdevoer.

Dit is 'n baie sterk groeier, sade ontkiem feitlik **ALMAL** en een saadkapsule bevat **BAIE** daarvan. Veral by veeposte ontstaan gou-gou 'n ondeurdringbare stand van plante, wat, as jy nie vroegtydig uithaal en vernietig nie, vinnig uitbrei.

Kenmerkend is die sterk onaangename reuk as die plant gekneus word (dalk om te waarsku?)

1. *Datura ferox* (groot stinkblaar): dra groot wit trompetvormige blomme, gladde, sterkgetande blare, ovaal vrugkapsule met onreëlmatige lang harde stekels wat, as droog, vierdelig oopbars om pikswart pitte uit te skiet.



2. *Datura stramonium* (gewone stinkblaar): dra wit of ligpersblou trompetvormige blomme, effens minder getande en kleiner blare, die stele wys effense pers pigment (fyn stippeltjies), die vrugte is effens ronder en die stekels effens reëlmatiger en korter as *D. ferox* s'n.
3. *Datura innoxia* (wollerige stinkblaar): dra ook wit of ligpers trompetvormige blomme, effens wollerige blare met 'n amper

gladde kant. Die vrug is taamlik rond met vele reelmatige sagte stekels.



Datura ferox en *D. stramonium* kan ook baster. Ek het dit self gesien, die blomme is dan baie ligblou.

Volksname:

E: thorn apple, Jimson weed

A: stink-/olieblaar, MALPITTE, steekappel

D: wolliger Stechapel (*D.innoxia*) gemeiner Stechapel (*D.stramonium*)

H: omutimbmiriri (*D.innoxia*), otjitaube (*D.stramonium*), omutiwonjoka (*D.ferox*)

O: enumu (*D.innoxia*), eguitha (*D.stramonium*)

Ons sien: Baie name, duidelike onderskeiding ---- BAIE ondervinding.

Vergiftigingssimptome by mens EN by diere:

vergroete pupille (as toestand langer aanhou, beskerm oe met sonbril/blindoek), droë mond/bek met bloederige slymvliese, koliek, bewerigheid en stuiptrekkings, opgewondenheid (excitement) opgevolg deur depressive, moontlike dood.

Die plantdele beland in veevoer by die sny van gras op grootskaal, veral as die graslande nie spesifiek van die plant skoongemaak is nie.

Die medisinale gebruike van die plant is veelvuldig. In sentrale Europa word *Datura* selfs aangeplant om 'n asmamiddel te vervaardig en 'n middel wat voor die toediening van narkoses gegee word, om die pasient rustig te laat voel.

Medisinale gebruike:

- (Ovamboland): gekneusde blare word in warm water gesit, wat aan die koei wat pas geboorte gegee het, ingegee word; sodoende kom die nageboorte vinniger af.
- Rou of net kort gekookte blare op vars en/of ontsteekte wonde (ontsmetting?)
- Aftreksel van blare EN vrugte teen skilfers en hare wat uitval (sal ons probeer?)
- Spierkrampe, nekabsesse en/of klierverdikings kan met 'n "pakkie" blare wat daarop gesit word, verlig word
- Asma- en brongietisaanvalle word verlig deur gedroogde blare brand te steek en die rook in te asem (dit klink baie gevaarlik!; daar is selfs stramonium-sigarette op die mark!)
- In sekere homeopatiese middels is Datura-bestanddele teen galstene en teen sekere motoriese versteurings.

Die pitte is veral giftig. Hulle is/word gebruik om in 'n toestand van "trance" in te gaan, bv. deur medisynmanne/vroue by rituele aksies of natuurlik deur "druggies" in ons land, om die dagga woema te gee.

Die dosis is belangerik. Sterftes as gevolg van hierdie vergiftiging is nie buitengewoon nie. Herhaaldelike gebruik van malpitte versteur dan ook erg die verstand en lei uiteindelik na die dood. Ek is oortuig daarvan, dat hierdie middel onder ons mense nog gereeld gebruik word, om van ongeliefdes ontslae te raak.

Dr. Christian Lichtenberg het gesien dat bokke die droë saadkapsules gevreet het. (skadelik?)

Die sade bevat 'n gelerige olie wat gebruik kan word om olieverbod aan te maak (wie wil toets?!)

Gedroogde blare in poeiervorm op beddegoed uitgestrooi hou bedluise weg. Plantluise kan blykbaar ook daarmee beheer word. (EN DIT IS DIE MOEITE WERD OM TE TOETS!!).

Ons het hier te doen met 'n baie interessante multitalent, hemels en duiwels van aard, met beeldskone verskyning (blomme) en BAIE LEBENSTUECHTIG (GEHARD)!

Ongelukkig het ek nie 'n foto van Datura innoxia nie.

Inligtingsbronne: Johan du Plessies (baie dankie), Dr.Lichtenberg (ook baie dankie)

Wild Flowers, Water Plants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)

Toxic Plants of Veterinary Importance in Namibia (Coleen Mannheimer, Anna Marais, Sonja Schubert)

Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)

Heil- Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

People's Plants (Ben-Erik van Wyk, Nigel Gericke)

Teks en fotos:

Anka Eichhoff (vir aanmerkings, vrae en versoeke:
anka.eichhoff@gmail.com)